KJV-Kongres
Heid. bg
26 Sept. 56

# Die Opdrag van die Heer v.d. Wingerd.

Ges. 2:1, 3.
„ 60: 1, 2, 4.
„ 75: 1, 4.

Matt. 20: 1-16

Matt. 20: 4 — „Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal ek aan julle gee."

(Woord van welkom).

Dis met 'n gevoel van diep erkentlikheid en innige dankbaarheid teenoor God dat ons vanoggend, by die aanvang van ons verrigtinge, hierdie openingsboodskap tot u rig. 'n Bietjie meer as 3 jaar is verby vandat ons Kerkjeugvereniging gestig is. In die drie jaar het baie dinge binne die geledere van ons vereniging plaasgevind — groot en belangrike dinge: miskien nie groot en belangrik in die oë van die wêreld nie maar vir die werk van die Here onder ons jeug van onberekenbare betekenis.

Ons dink maar net aan die volgende sake:

(1) Die praktiese oorskakeling van Strewers en C.J.V. tot die Kerkjeugvereniging het geskied op 'n wyse wat ons net laat uitroep: „Dit het van die Here gekom: dit is wonderbaar in ons oë."

(2) Die vereniging het 'n bestendige en betekenisvolle groei beleef waarvoor ons God nooit genoeg kan dank. Vanaf 1952 tot 1954 het die getal takke geklim van 384 tot 514 en die ledetal van 9642 tot 14,821. En wie kan bereken watter groot dienste — geestelik en andersins — hierdie takke al in hulle gemeentes gelewer het? Ringsunies het oor die hele land totstand gekom en kon reeds op besondere maniere presteer deur die hou van Konferensies en saamtrekke die hulp aan takke en die leiding van selfstandige ondernemings. Die 4 Gebiedsuniebesture is besig het groot ondernemings in die geloof aangepak (bv. Kampterreine Kursusse ens). Ook die Federale Bestuur het besluite geneem waarvan ons die uitwerking nou nog nie kan voorsien nie: ek dink

2.

maar net aan die opdrag i.v.m. die studiereis oor jeugarbeid. Sover ons kan vasstel het nog geen ander Protestantse Kerk v.d. Westerse wêreld so 'n ondersoek onderneem nie. oor hierdie saak — Beleidsake. ① Blad ② Ons moet

Daar was egter ook teleurstellinge — dat sommige persone vermag het dat d. ledetal van ons vereniging al baie heen moes staan. En tog is dit 'n vraag of 'n te vinnige uitbreiding by die begin die hoogste belange van ons vereniging nie baie meer skade as voordeel sou berokken het nie?

Wat sal die teleurstellinge en mislukkinge was wil ons met diep oortuiging sê:

(1) Ons Kerkjeugvereniging het sy kinderskoene ontgroei; die eerste huiwerende stappe is agter d. rug; ons vereniging het sy vaste koers begin kry!

(2) Die vereniging het in die kort tyd van sy bestaan 'n plek verower in die denke, die hart en die lewe van die Kerk. Die Kerk het bewus geword deur die KJV van groot en sluimerende kragte wat in sy jeug opgesluit lê waardeur nog groot dinge in die toekoms tot stand gebring kan word.

Maar dit lê in die aard van die jeug opgesluit om nie te bly op d. verlede terug te kyk, om baie eerder sy gesig na die onbekende môre te wend en te na: wagter, wat van die môre? Dis in die wese van die jeug opgesluit om tot aksie oor te gaan en ander daartoe te inspireer. Daarom, in aansluiting by die pasklike onderwerp van die Kongres: „Arbeiders op baie akkers" wil ons onsself uitsien as 'n skare v arbeiders wat deur die Heer v.d. wingerd geroep word en aan wie Hy 'n opdrag toevertrou: „Gaan werk in my wingerd"

Wat is hierdie taak?

I **'n Taak van Opbouing:** In elke wingerd wat 'n boer aangelê het bly die eerste en vernaamste werk die noukeurige versorging en instandhouding van sy wingerd: wat ~~hy dit~~ hy met moeite opgebou en aangeplant het. // Hoeveel meer is dit nie nodig vir die wingerd waarin God ons as arbeiders stuur nie? Om met getrouheid en toewyding en lus ons geestelike lewe te versorg en te versterk deur volhardende B/studie, gereelde gebed en getroue getuienis?

Geen taak in die wingerd v.d. Here is so moeilik en inspannend soos hierdie; maar geen ander taak is so lonend. Nou en dan al stemme opgegaan om te sê: gee minder aandag aan die geestelike en meer aan die gesellige. Ek wil heelhartig pleit vir genoegsame aandag aan die gesellige – maar sonder d. geestelike as lewende grondslag verloor ook d. gesellige sy krag. Daarom sal ons in die toekoms meer as ooit ons lede moet opbou in hulle allerheiligste geloof deur die beoefening v gebed, die studie v Gods Wd, die opdrag: "Gaan werk in my wingerd" begin hier!

II **'n Taak van Uitbreiding:** Enige boer wat sy saak werd is sal sodra hy sy bestaande boerdery behoorlik bewerk en beheer het, begin soek na grond waarop hy kan uitbrei. // Enige lewenskragtige jeugorganisasie sal dieselfde doen – en sal groot dinge waag in die poging om dié uitbreiding te doen.

Kan God nooit genoeg dank vir nuwe terreine wat ons vereniging betree het. Nuwe geleenthede

wat aangegryp is ifa geloof dat God sal bewaar! Ek dink aan die saak van ons Jeugkampe, van heerlike kursusse, van die interessante maniere waarop jongmense bewus gemaak is v.d. boodskap en lewe van die KJV.

Maar die br. kan baie ernstig by ons op: het die tyd nie aangebreek dat ons ifa geloof nog meer moet aandurf en daarvaar? Moet ons nie ons jeugkampprogram sien as iets wat jaarliks 40,000 – 50,000 jongmense moet bereik nie? Moet ons nie as ideaal stel dat ons voor die volgende Kongres ons ledetal minstens wil verdubbel nie? Is dit nie 'n aanklag teen ons, die arbeiders, dat so baie ander potensiële arbeiders ledig op d. mark staan nie?

III 'n Taak van Evangelisering: Elke boer wie se hart en siel leef in sy boerdery sal toesien dat waar die oes inkom, waar plae sy wingerd bedreig, alles wat moontlik is gedoen word om dit te beveilig. Is dit anders met die Heer van die wingerd? Was dit dan nie Hy wat gesê het: „Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom?" Was dit nie Hy wat gesê het: „Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom"?

Het die tyd nie aangebreek dat ook ons KJV met groter erns sal vra: wat doen ons om die wêreld vir Christus te wen? Is dit nie waar dat duisende jongmense om ons nog 'n formele kerklidmaatskap ondervind, maar nie meer 'n lewende Christus-verwantskap beleef?

En wat van die miljoene van heidene aan ons deure?

Ons sien vandag in lande van Europa die rampspoedige gevolge van versuim van die Kerk om evangeliserend te dink en te leef; ons hoor uit hulle eie mond hoedat hulle praat van die seun en die Kleinseun van die ontroue seun, van 3-4 geslagte wat van God en Kerk vervreem geraak het. Moet ons nou wag tot dit onder ons eie vlees en bloed ons so ver is voordat ons ontwaak?

IV 'n Taak van Kultuurvorming: Waar die Heer sy jeugd met sorg en toewyding opbou daar stel sy dit hom instaat om sy omgewing op baie maniere te dien en te verryk.

As ons arbeid i/d jeugd van die Here merklik vrugbaar is sal dit 'n vernuwende, verrykende invloed op die hele samelewing uitoefen // Waar God deur Sy Gees nuwe geestelike lewe laat ontwaak, waar jong-mense se lewes innerlik verander en vernuwe word daar sal die hele akker van ons Kultuur, ons ontspanning & ons pret